Bianca Jooste
Kylemore Hoërskool
Gr. 10 A
September 2011

Hierdie kwartaal was nie veel anders as die res nie, maar daar het darem 'n paar goedjies gebeur wat 'cool' was.

Eerstens het ek en Miche derde gekom by die 'United Nations Debating'. Ons was in 'n span van vier saam twee van Rhenish se meisies. Dit het my weereens laat kyk na die wêreld daar buite en die probleme wat ons het. Ek moet sê ons het nogal goed gedoen uit die veertien spanne wat daar was en dit vir ons eerste probeerslag.

Ek het toe nie eers tyd gekry vir vlugbal nie en ek het so uitgesien drama. Elke keer as ek moes oefen vir vlugbal moes ek na Rhenish toe gaan om koppe bymekaar te sit met die ander girls.

Wat akademie betref, ek staan weereens tweede in ons graad. Ek het so gehoop dat my punte verbeter het, maar toe nie. Hierdie kwartaal (se) se werk was toe nie so 'hectic'

soos ek verwag het dit gaan wees nie. Ons skryf môre ons laaste vak vir die kwartaal en ek is so verlig.

Verder aan gaan dit heelwat goed met my. Ek word oor net 'n klein bietjie minder as 'n maand amptelik ~~(deel)~~ 'n lid van ons kerk. Ek sien nogal uit daarna. Ek was ook deur een van die seuns by ons skool gevra om saam matriek afskeid toe te gaan. Ek voel so geëerd.

Dis nog net twee dae sluit die skool. Ek is so bly daaroor. Ek dink ons almal verdien 'n rus kans. Kom ons hoop net hierdie kwartaal se toetse het so goed afgeloop soos ek dink.